

---

## MY GROOT MOND

### Deel 2 – Klein en Kragtig

**Matteus 12:34-35** Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart; die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge in sy hart.

---

---

---

**Efesiërs 4:29** Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

---

---

**Jakobus 3:2-12** Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou. Vir perde sit ons 'n stang in die bek, en dan gehoorsaam hulle ons en het ons hulle hele liggaam onder beheer. Dink ook maar aan skepe: al is hulle baie groot en al is die winde wat hulle aandryf, baie sterk, word hulle tog met 'n baie klein roertjie gestuur net waarheen die stuurman wil. So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek. Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, die deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe, van die geboorte af tot die dood toe, aan die brand, en self word dit uit die hel aan die brand gesteek. Alles wat loop, vlieg, kruip of swem, elke soort dier word en is al deur die mens getem, maar geen mens kan die tong tem nie. Dit is 'n rustelose kwaad, vol dodelike gif. Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brak water opborrel nie. 'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of 'n druwestok vye nie. 'n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie!

---

---

---

**Jakobus 1:19-21(NLV)** My geliefde broers en susters, wees altyd gou om te luister, nie te gou om te praat nie, en nie te gou om kwaad te word nie. As jy kwaad is, kan jy nie doen wat God wil hê nie. Raak daarom ontslae van die vuilheid en boosheid wat so welig in julle tier, en aanvaar nederig die woord wat God in julle geplant het. Hierdie woord het die mag om julle te red.

---

---

---

ONTHOU

OORGEE

BELY

---

---

---

# NEEM KENNIS

## **INLIGTINGSAAND: 17 Mei, 18h30**

*Dorweeg jy lidmaatskap, of wil jy meer uitvind oor ons gemeente, wat ons glo en wat ons alles bied? Indien wel, wil ons jou graag uitnooi na die Inligtingsaand van Vrydag, 17 Mei 2019 om 18:30 by die kerk. Dit word aangebied deur die leraars van die gemeente en daar sal ook 'n geleentheid wees vir enige vrae wat jy mag hê. Daar word ook toesig vir die kleinspan gereël om dit maklik te maak vir ouers om die aand by te woon. Indien jy belangstel om die aand by te woon, kan jy Magda kontak by [magda@kerk.co.za](mailto:magda@kerk.co.za) of 051 451 1017.*

# WORD DEEL

## **BYBELSKOOL: Donderdae 9h00**

*Donderdae oggende om 9h00, in die Moederskamer aan die ooste kant van die kerk, werk mense sistematies deur die boeke van die Bybel met die hulp van *Unlocking the Bible*. Navrae: Helena Bam 0843515855.*

## **T.i.C. – Teens In Christ**

*T.i.C. is ons tienerbediening by die kerk. Ons kom elke Vrydag aand om 17:30-19:30 bymekaar by die kerk. Kom geniet dit saam met ons en bou verhoudings met ander tieners. Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer: [willie@kerk.co.za](mailto:willie@kerk.co.za) of 082 309 5342*


## **GROEP VIR 18-30's: Dinsdae 19h00**

*Daar is 'n groep vir studente en jong werkendes van 18-30 jaar wat op Dinsdae aande 19h00 bymekaar kom in die Jeugsentrum. Kontak vir Willie de Beer vir meer inligting: [willie@kerk.co.za](mailto:willie@kerk.co.za) of 082 309 5342*

# ICONNECT

Indien jy érens wil inskakel, nuut is of meer inligting oor die gemeente wil hê: is jy welkom om na die diens met die span by iConnect te gesels wat vir jou al die inligting sal gee. Kyk uit vir die iConnect baniere **voor in die kerk**.

Indien jy graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te ontvang, vul asseblief die "Aangename Kennis" kaartjies in tussen die stoele en banke. Jy kan dit ingooi in die houtposbusse by al die deure van die kerk. Ons kontak jou gerus deur die week net om te groet!



**YOUVERSION BIBLE APP**